



« Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie »



KYNOKELP®



Naam:

KynoKelp®

Eienskappe (Wat):

KynoKelp is 'n seewiersuspensie wat natuurlike makro- en mikro-elemente bevat wat as 'n blaartoediening of worteltoediening gebruik kan word. Dit is afkomstig vanaf van die kelpspesie Ecklonia maxima, wat langs die Atlantiese kus van Suider-Afrika groei.

Seewier ekstrak	98% m/m
Voorkoms	Groen vloeistof
pH	6 - 6.2 (0.01% verdunning @ 20 °C)
Soortlike gewig (SG)	1 - 1.1 g/cm ³ @ 20°C
Fosfaat (P)	96.4 g/kg of 97.4 g/L

*Hierdie produk bestaan uit natuurlike bestanddele; dus kan die waardes fluktureer as gevolg van seisoenale variasies.

Toediening (Hoe):

- Die toedieningshoeveelheid is afhanklik van die plantgroeistadium, die graad van die ongunstige toestande en die reaksie wat vereis word. Die laer dosisse kan vir instandhouding gebruik word terwyl die hoër dosisse die gewas in staat sal stel om erge stresperiodes te oorkom.
- KynoKelp moet verkieslik vroegoggend of laatmiddag toegedien word.
- Dit is raadsaam om eers 'n mengbaarheidstoets te doen voordat KynoKelp met ander kunsmisstowwe gemeng word.
- Maak asseblief seker dat u nie die maksimum toedieningshoeveelhede per hektaar oorskry nie. Moet nie 'n konsentrasie van 2% (2L/100L) oorskry as dit saam met ander kunsmis in 'n spuitenk gemeng word nie.

Blaartoediening:

- Dien 'n minimum konsentrasie van 0.2% (2L/1'000L water) toe, maar moenie 'n toedieningshoeveelheid van 2% (2L/100L) oorskry nie. Wanneer laevolume spuite gebruik word, verhoog die konsentrasie dienooreenkomstig sodat 'n minimum van 2L KynoKelp per hektaar gebruik word.

Sproeibemesting "Fertigation":

- Dien toe teen 'n konsentrasie van 0.1% (1L in 1'000L water). Herhaal elke 7 - 14 dae vir ten minste 4 toedienings.

Gewas	Toedieningshoeveelheid	Toediening
Peulgewasse		
Sojabone	4L/ha	Dien op die derde, drieblaarstadium toe.
	2L/ha	Dien 14 dae later toe.
Groenbone, Droëbone, Lensies, Lupiene, Klawer, Lusern, Grondbone	2L/ha	Dien toe by die derde, driebladige blaar. Herhaal toediening twee keer met 14 dae intervalle.
Solanatiese Vrugte		
Aartappels	200ml/100L water	Spuit aartappelmoere in plantvoor met planter.
	4 L/ha	Dien 'n tweede toediening 21 tot 28 dae na ontkieming toe.
	2 L/ha	Dien weer 10 tot 14 dae later toe, maar vermy toediening tydens blomstadium.
Tamaties, soetrisissies, paprika, brandrissie	1L/100L water	Doop die wortels van die saailing in die oplossing voor uitplant of alternatiewelik deurdrenk die oorplantings net voor of na uitplant.
	2L/ha	Dien 14 dae na oorplanting toe en herhaal die toediening twee keer met 14 dae tussenposes.
Wingerdstok		
Wyn en Tafeldruiwe	3L/ha	Dien toe in 1000L water na blom en herhaal 2 tot 3 keer met 10 tot 14 dae intervalle.

Voordele (Hoekom):

- Kynokelp bevorder wortelontwikkeling in plante. Die verbeterde wortelontwikkeling verhoog voedingsopname en waterverbruik. Sterker plante word gevestig wat hoër opbrengste lewer.
- Tydens vrugvorming is die plante onder hewige stres en Kynokelp kan help om die toestand te beheer.
- Kynokelp help die plante om ander stresstoestande wat groei kan beperk te beheer.

Gebruike (Waar):

- KynoKelp word maklik deur die plant opgeneem en is geformuleer vir gebruik beide 'n blaarvoeding en as 'n grondtoediening.
- Dien toe ten tye wanneer addisionele wortelgroei benodig word, soos tydens ontkieming of wanneer saailing uitgeplant word.
- Gebruik wanneer ongunstige omgewing toestande die wortelgroei beperk.
- Kan ook gebruik word om die wortelstelsel te onderhou.
- Kynokelp kan tydens knopvorming, vrugset, vinnige vrugontwikkeling toegedien word.
- KynoKelp kan ook gebruik word wanneer die plante onder hoë stres toestande verkeer.
- Stresstoestande kan hoë sout vlakke of lae temperature insluit.